



Lekkerbekkie Nuusbrief

2 APRIL 2013 | UITGAWE 5

Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Prinses Mientjie en die eekhorinkies
- * Gratis inkleurprentjie
- * Spesiale aanbod: Laaste week!

Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinder storie:

Prinses Mientjie en die eekhorinkies deur Anna Emm

Vandag is 'n baie lekker dag. Die son skyn en die voëltjies speel vrolik in die voëlbak in die kasteel se tuin. Prinses Mientjie en haar maatjie, Marcel, besluit om te gaan piekniek hou in die donker bos. Hulle pak 'n piekniekmandjie. Hulle vat sjokolademelkies, neute, muffins, suiglekkers en toebroodjies met stroop op. Die mandjie is baie swaar. Hulle moet dit saam dra.

In die donker bos kry hulle die perfekte plek vir 'n piekniek. Die gras is sag en groen, en die son skyn saggies deur die bome. Prinses Mientjie gooi die kombers oop op die grond. Sy en Marcel gaan sit op die kombers. Hulle tel die mandjie op om die eetgoed uit te pak...

Maar die mandjie is leeg! Dit is nie swaar nie. Dit is nie vol eetgoed nie! Dit is dolleeg!

"Kyk!" roep Marcel en wys na een van die bome. "Die eekhorinkies het ons kos gevat!"

Prinses Mientjie kyk en sien twee bruin eekhorinkies op die tak. Elkeen het 'n muffin in sy pootjies! Op al die ander takke van die boom sit nog eekhorinkies. En elkeen van hulle het ook 'n lekker eetdingetjie in hulle pootjies!

"Gee terug ons kos!" raas Prinses Mientjie, maar dit lyk net of die eekhorinkies vir hulle lag.

"Julle skelms!" roep Marcel, en sy gooi 'n stok na die eekhorinkies toe. Dit is mis.

Prinses Mientjie trek haar skoene uit en klim in die boom. Marcel wonder wat sy gaan doen. Die eekhorinkies glip by 'n hol gat in die boomstam in. Die gat is groot. Prinses Mientjie druk haar kroontjie op haar kop vas en klim ook in die gat. Na 'n lang ruk kom Prinses Mientjie weer by die gat uit. Haar hare is nou deurmekaar.

"Hulle is weg," sê sy en sug. "Ek kry nie ons kos nie."

"Toemaar," sê Marcel. "Ons kan bessies pluk en van die stroompie se water drink."


En dit is presies wat hulle gedoen het! Daar was baie soet bessies wat hulle kon pluk, en hulle het hulle magies trommeldik geëet. Die eekhorinkies het daardie dag heerlik pienkniek gehou met die kinders se kos, en die kinders het heerlik piekniek gehou met die eekhorinkies se bessies!

Dit was nog steeds 'n lekker dag!

**** Sien ons spesiale aanbod op die "Storieklub" vir nog stories oor Prinses Mientjie en haar maats!**

Gratis inkleurprentjie:

Prinses Mientjie en die eekhorinkies illustrasie deur Elanie Bieldt



Laaste week vir hierdie lekker spesiale prys!!!

Aanbod sluit Maandag 8 April!

Spesiale aanbod:
24 CDs!! 96 stories!!!

Enige 5 CDs @ R300 - spaar R100!
Enige 10 CDs @ R550 - spaar R250!
Al 24 CDs @ R1200 - spaar R720!

(geldig tot 8 April)

Storieklub

Waaroor gaan die STORIEKLUB stories?

Hierdie versameling stories bly ons gunsteling! Die 96 stories in die Storieklub reeks is almal nuwe, verbeeldingryke stories oor klein prinses en prinsessies wat op allerhande vreemde avonture gaan. Hierdie stories is spesifiek geskryf om kinders se verbeelding te stimuleer, en dis propvol heerlike byklanke en kleurvolle karaktertjies. As kinders eers na die Storieklub-stories geluister het, is hulle vir die res van hulle lewens Anna Emm-fans!

Gewone prys: R80 per CD

Vir 'n volledige lys van die stories op elke CD besoek www.AnnaEmm.co.za

Hoe om te bestel:

Betaal die regte bedrag na
Anna Emm Productions, ABSA 916 338 0225, Takkode 632005
met jou naam as verwysing!

Stuur dan 'n epos met jou bestelling en posadres na
lekerbekkie@annaemm.co.za

**"Storieklub" is 'n produk van
Anna Emm Productions
www.AnnaEmm.co.za | 021 911 5618 | storieklub@annaemm.co.za**